



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Indien die spelfout egter die betekenis van die antwoord verander, moet dit as verkeerd nagesien word.)
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde/opeenvolgende woorde/gedeeltes van sinne gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte antwoord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE/DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG	MEMORANDUM (600 woorde)	PUNT	DENK- VLAK (Barrett)
1.1	“skoon”	1	2
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het begin rook. Hy het begin drink. Hy het dwelms begin gebruik. • C, A, B (Enige EEN) 	1	2
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • “Toe ek die eerste keer op 14-jarige ouderdom dwelms gebruik het, is 'n verslaafde gebore.” • “Toe ... gebore.” (Enige EEN) 	1	2
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Beste vriend is iemand wat 'n mens gewoonlik help/ondersteun/vir jou omgee, maar Elvis se vriend het hom aan dwelms bekendgestel/ was 'n slegte, negatiewe invloed op hom. • Hy/n vriend sou hom nie aan dwelms bekendstel nie. (Of soortgelyk) (✓✓ of geen punte nie) 	2	4
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • D • hoe <i>cat</i> Elvis se lewe verander het. • D hoe <i>cat</i> Elvis se lewe verander het. 	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.6	<ul style="list-style-type: none"> Sodat sy ouers/huismense/gesinslede nie die dwelms ontdek nie. Sodat sy ouers/huismense/gesinslede nie bewus word van sy dwelmverslawing nie. Sodat hy <i>cat</i> beskikbaar het vir die volgende dag. Want hy het geweet dit is onwettig om <i>cat</i> te gebruik. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Dit het vir hom selfvertroue/moed gegee. Dit het hom laat voel alles is perfek. ”Dit het my die selfvertroue gegee...” (Aanhalingstekens isverplichtend) “[Dit] het my laat voel asof alles perfek is.” (Aanhalingstekens is verplichtend) (Enige EEN of sinonieme) 	1	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> Die sin word so beklemtoon. Die gedagte dat dit ’n leuen was (dat dwelms ’n mens perfek laat voel), word uitgelig/beklemtoon/versterk. Dit dui die wending (in die leesstuk) aan. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
1.9.1	Konnotatief/konnotatiewe betekenis	1	3
1.9.2	Die woord “donker” beklemtoon/versterk die gevoel van wanhoop/onheil/sonder hoop/eensaamheid/geheimsinnigheid. (Of soortgelyk) (Klem val op die funksie van die woordgebruik en nie op die betekenis nie.)	1	5
1.9.3	“geheime”/”eensame”	1	2
1.10	Hulle het met hom daarvoor probeer gesels/hom daarmee gekonfronteer.	1	1
1.11.1	<ul style="list-style-type: none"> Dit is nie maklik om dwelms te los/gerehabiliteer te word nie. Hy is nie toegelaat om sy familie/gesin te sien nie. Vir vier maande kon hy geen besoek ontvang het nie. Hy kon sy gesin net vir ’n uur lank op ’n keer sien. Hy moes sonder sy familie se ondersteuning die rehabilitasiepad stap. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2
1.11.2	Hy is uiteindelik genees van sy dwelmverslawing/hy het die verslawing oorkom/hy is skoon/hy gebruik nie meer dwelmmiddels nie/hy is weer sy ou self/hy is nou vasbeslote om nie weer dwelmmiddels te gebruik nie.	1	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.12	<ul style="list-style-type: none"> Dit is wat dwelms kos. Geen roomys kos so baie geld nie (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2
1.13	Hy/Sy sê dat hy/sy verkoue het.	1	1
1.14.1	Om behandeling/hulp/rehabilitasie vir sy/haar verslawing te ontvang.	1	3
1.14.2	<ul style="list-style-type: none"> Dwelmgebruik is onwettig. Dwelmgebruik lei tot misdaad (om geld in die hande te kry). (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.14.3	<ul style="list-style-type: none"> Die gebruik van dwelmmiddels kan jou jou lewe kos/kan fataal wees. Dwelmmiddels maak jou aggressief en jy kan doodgemaak word tydens 'n bakleiery. Jy kan sterf as gevolg van 'n oordosis dwelmmiddels. Dwelmbase kan jou vermoor indien jy nie kan betaal nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Sy regte identiteit word beskerm. Hy wil sy identiteit beskerm./Hy is skaam oor wat met hom gebeur het./Hy is bang (vir die dwelmverkopers). Sy familie word beskerm. Dit is nie belangrik wie die verteller is nie; dit gaan oor sy storie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
1.16	<ul style="list-style-type: none"> Dwelms/Dwelmverslawing (onder tieners) Groepsdruk (se negatiewe effek) Onkunde van ouers (oor dwelmverslawing) Gebrekkige kommunikasie (tussen ouers en kind) (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
1.17	<ul style="list-style-type: none"> 'n Mens kan 'n dwelmprobleem oorkom/jou rug daarop draai. Die prentjie/sy opgehefde hande simboliseer oorwinning (oor dwelms)/hy is vry/skoon van dwelms. Dit lyk asof die persoon/Elvis sy rug op dwelms gedraai het. Daar is lig aan die einde van die tunnel. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.18	<p>Elvis se verhaal waarsku mense teen:</p> <ul style="list-style-type: none"> dwelms. groepsdruk/slegte vriende. leuens aan jou ouers. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3

TEKS B: DEPARTEMENT VAN VERVOER SE PLAN VIR VEILIGER PAAIE[Verwerk uit www.grafika24.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.19	(Bestuurders mag die vinnigste) op 'n snelweg (bestuur).	1	2
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Dit begin by die laagste/stadigste tot die hoogste/vinnigste spoedbeperkings. • Hoe verder uit die stad, hoe vinniger mag jy ry. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2
1.21	<ul style="list-style-type: none"> • A • gevaar • A gevaar (Enige EEN) 	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Die departement verbied die vervoer van skoolkinders agterop bakkies. • Die gevaarteken by die kinders dui dit aan. • Daar word spesifiek in hierdie grafiese voorstelling na kinders agterop bakkies verwys. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.23	Die teks handel oor (die veiligheid op) paaie. (Die klem val op die inhoud/teks/grafika.)	1	3
1.24	Gereeld	1	3
TOTAAL AFDELING A:			30

AFDELING B: OPSOMMING**KONSESSIE VIR 2015:****KANDIDATE VERBEUR NIE DIE TAALPUNTE INDIEN HULLE AANHALINGS HET NIE.****Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 korrekte feite: 1 punt
 - 4–5 korrekte feite: 2 punte
 - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - ⊖ ~~6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie~~
 - ⊖ ~~1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken~~
 - ⊖

LET WEL:

- **Getal woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
 - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
 - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2**TEKS C: ELEKTRONIESE SPELETJIES IS GOED VIR VOLWASSENES**[Verwerk uit www.lifehack.org]

Direkte aanhaling	Eie woorde
<p>Kla jou ouers dat jy hopeloos te veel tyd aan elektroniese speletjies bestee? Miskien moet hulle begin saamspeel. Die jongste navorsing gee die volgende redes waarom elektroniese speletjies ook vir volwassenes goed is.</p> <p>Baie volwassenes is depressief en moeg na 'n dag se werk. Hulle lewens bestaan mos net uit werk, rekeninge en verantwoordelikhede. Elektroniese speletjies kan sulke volwassenes help om te ontspan. Ontspanne volwassenes is mos gelukkiger mense. Elektroniese speletjies help hulle ook om meer gebalanseerd te lewe, want terwyl hulle speel, is die verantwoordelikhede van die lewe op die agtergrond.</p> <p>In die Verenigde State van Amerika speel meer as vyftig persent van die volwassenes elektroniese speletjies. Dit help hulle om op sosiale vlak met nuwe mense te gesels, want 'n speler het altyd iets om oor te praat as hy/sy 'n medespeler aanlyn ontmoet.</p> <p>Dit is belangrik dat enige paartjie elektroniese speletjies saamspeel. Volgens navorsing versterk dié kwaliteittyd van saamspeel die paartjie se verhouding.</p> <p>Navorsing het bewys dat elektroniese speletjies kreatiwiteit stimuleer. Volwassenes kan hierdie kreatiwiteit na ander fasette van hul lewens oordra. Elektroniese speletjies kan ook kompetierend wees. Deur kompetierend te speel, kan 'n volwassene leer dat wen of verloor deel van die lewe is.</p> <p>Oog-handkoördinasie is baie belangrik. Goeie oog-handkoördinasie beteken byvoorbeeld dat jou hande en oë kan saamwerk soos wanneer jy bestuur. Elektroniese speletjies verbeter volwassenes se oog-handkoördinasie.</p> <p>As jou ouers dus weer oor elektroniese speletjies kla, noui hulle eerder om saam met jou te speel. (241 woorde)</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Elektroniese speletjies help volwassenes om te ontspan. 2. Elektroniese speletjies help volwassenes om meer gebalanseerd te lewe. 3. Elektroniese speletjies help volwassenes om met nuwe mense te gesels/bevorder volwassenes se sosiale lewe. 4. Elektroniese speletjies help om paartjies se verhouding te versterk. 5. Elektroniese speletjies stimuleer volwassenes se kreatiwiteit. 6. Elektroniese speletjies leer volwassenes dat wen of verloor/kompeterisie deel van die lewe is. 7. Elektroniese speletjies help met oog-handkoördinasie. <p>(63 woorde)</p>
TOTAAL AFDELING B: 10	

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit www.beaconallsorts.co.za]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Beacon • Beacon Liquorice Allsorts (Sien die eerste woord na. 	1	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die lekkers word op 'n kaart/prent van Suid-Afrika uitgebeeld. • Die woord Suid-Afrika word herhaaldelik/twee keer in die advertensie gebruik. • Die woord Suid-Afrika word in vetdruk/skuinsdruk geskryf. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
3.3	“ALLE SOORTE” verwys na die lekkers/Beacon Allsorts/liquorice ✓ of na die verskillende (rasse/kleure/soort/tipe) mense/kulture in Suid-Afrika. ✓	2	6
3.4	Die gebruik van ... oortuig jou: <ul style="list-style-type: none"> • die prentjie van die lekkers/die lekkers op die kaart/kleur (m.a.w. visueel) • oorredende taal • oortreffende trap (byvoorbeeld smaaklikste, beste) • woordspeling (m.a.w. taalgebruik) • verskillende lettertipes/fonte (m.a.w. tipografie) • hoofletters (m.a.w. tipografie) • vetdruk letters (m.a.w. tipografie) • skuinsgedrukte letters (m.a.w. tipografie) • die woord jy/die persoonlike voornaamwoord (jy) (Enige TWEE of soortgelyk, selfs uit dieselfde kategorie) 	2	4
3.5	jou	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • A • Doen • A Doen (Enige EEN) 	1	3
3.7.1	(die) lekkerste	1	2
3.7.2	Dat liquorice die toppunt van alle lekkerte is/dat liquorice lekkerder as lekker is/dat liquorice die lekkerste van alle lekkers is/die nommer een lekker is.	1	5
SUBTOTAAL:		[10]	

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Verwerk uit www.garfield.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die ellips wys dat die tyd verbygaan (voordat Garfield opdaag). • Die ellips wys dat die man/John nie klaar gepraat het nie/daar is nog woorde wat moet kom/Garfield hom onderbreek in die tweede raampie. • Die ellips dui 'n oorgang na die volgende raampie/ gebeurtenis aan. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
4.2	Die haai swem in die see. (Of soortgelyk) (Die sin moet so aangebied word dat die woordbetekenis duidelik blyk.)	1	3
4.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die man se lyftaal/(Die man se) hand (is in sy hare)/(teen sy voorkop/hou sy kop vas). • Die man se gesigsuitdrukking OF • Die man glimlag nie (meer nie)/sy mond. • (Die man se) oë (is halftoe/hang). (Indien die kandidaat gesigsuitdrukking as antwoord gee, mag hy/sy nie mond/oë of omgekeerd as antwoord aanbied nie. (Enige TWEE) 	2	5
4.3.2	Ek is/Ek IS	1	1
4.3.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die woorde "EK'S" is in hoofletters. • Die woorde "EK'S" is in vetdruk gedruk. • Daar is 'n uitroepteken na Garfield se woorde. (Enige TWEE) 	2	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.4	Dit impliseer dat Garfield die oorsaak van die man se hoofpyn is/dat die man se hoofpyn gaan terugkom.	1	5
4.5	Die strepies/merkies (bo die stert dui die beweging aan).	1	6
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • A • komies • A komies 	1	4
SUBTOTAAL:		[10]	

VRAAG 5**TEKS F: DIE KOEKSISTER IS TROTS SUID-AFRIKAANS**[Verwerk uit www.africhef.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.1	Is die koeksister trots Suid-Afrikaans? (Vraagteken is verpligtend.)	1	3
5.1.2	Suid-Afrikaanse	1	1
5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Jy kry 'n smullekkersmaak in elke happie! • Jy kry in elke happie 'n smullekkersmaak! (Enige EEN)	1	3
5.1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Jy sal koeksisters kry, orals waar jy gaan. • Jy sal koeksisters, orals waar jy gaan, kry. • Jy sal koeksisters orals kry waar jy gaan. • Jy sal orals waar jy gaan koeksisters kry. (Enige EEN)	1	3
5.1.5	spyskaarte	1	1
5.1.6	koeksisters (Nie koeksisters of enkelvoud nie)	1	1
5.1.7	meisieskole	1	1
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Sister verwys ook na die siggeluid wat die koeksister maak terwyl jy dit in koue stroop week. • Sister verwys ook na die siggeluid wat die koeksister maak terwyl jy dit week in koue stroop. (Enige EEN)	1	3
5.1.9	Jy behoort dit eers in warm olie te bak.	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.10	<ul style="list-style-type: none"> Baie mense sê dat koeksisters deel van die Suid-Afrikaanse tradisie is. Baie mense sê dat koeksisters deel is van die Suid-Afrikaanse tradisie. (Enige EEN)	1	3
5.1.11	Die Maleiers, wat as slawe hierheen gekom het, ✓ het die koester Suid-Afrika toe gebring. (Sien eerste leesteken wat ingevul is, na.)	1	3
5.1.12	So.	1	1
5.1.13	vrylating	1	4
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> D 'n moeilike situasie op te los. D 'n moeilike situasie op te los. (Enige EEN)	1	2

5.2 TEKS G[Uit *Huisgenoot*, April 2005]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.2.1	u	1	1
5.2.2	erken	1	1
5.2.3	pryse	1	1
5.2.4	kruideniersware/kos	1	1
5.2.5	Hoe meer ek probeer spaar, hoe duurder word die items. (Alles in die sin moet reg wees.)	1	1
5.2.6	Ai	1	1
SUBTOTAAL:		[20]	
TOTAAL AFDELING C:		40	
GROOTTOTAAL:		80	